# Les 12 ONS EER DIE HERE OMDAT HY ONS AS KINDERS VERHEERLIK

## 1. Hersiening

Verlede keer het ons gesien dat die Here ons in Homself as die Seun van die Vader insluit. Só maak die Here ons kinders van God die Vader. Die Here verheerlik ons as Sy kinders. Hy het ons só lief dat Hy ons altyd nét Sy kinders noem. Hy gee en noem ons nooit name volgens al die verkeerde dinge wat ons doen nie. Hy verneder ons nooit deur ons aan te kla of te veroordeel nie.

## 2. Die Here máák dat ons Hom eer

Kom ons lees saam uit Romeine 8: *“[15]Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader.”*

Die Here verheerlik ons en laat ons Sy kinders wees. Omdat die Here ons verheerlik as Sy kinders, verander Hy ons binne-in ons hart en verstand. Hy maak ons kinders wat vir God sê: “Vader”. “Abba”, is die Hebreeuse woord vir “Vader”. Daarom beteken “Abba” en “Vader” presies dieselfde.

Dit is wat Paulus hier wys. Omdat die Here ons nie veroordeel of aankla nie, maar verheerlik, maak Hy ons binne-in onsself nuut en anders. Ons word kinders wat vir God sê: “Ons Vader”. Ons word God se kinders wat Hom “Ons Vader” noem.

Dit is hoe ons God eer. Ons eer God deur Hom “Vader” te noem.

## 3. Die verskil tussen slawe en kinders: vrees en eer

Paulus wys dat ons nie die Here se slawe is nie, ons is Sy kinders. Slawe was arbeiders. Dit is mense wat vir ’n baas werk. Vandag sal ons praat van arbeiders en werkgewers. Mense wat vir ander mense werk vir geld, is arbeiders. Mense wat ander mense vir hulle láát werk, is werkgewers.

Kom ons vat die voorbeeld van ’n boer en sy werkers.

Hoekom werk arbeiders vir boere? Hulle werk, want hulle word betaal. Hulle wil geld hê om vir hulleself te sorg en hulle eie lewe te kan leef.

Hoe voel arbeiders oor hulle werkgewers? Hoe voel arbeiders oor boere? Hulle voel bang vir hulle. Hulle weet hulle moet hard en goed werk. As hulle nie hard en goed werk nie, dan gaan die boer hulle ontslaan en nie meer betaal nie. Arbeiders is altyd bang hulle werk nie reg nie en hulle werk nie hard genoeg nie. Hulle is altyd bang dat die boer hulle gaan aankla vir al die foute wat hulle maak en gaan veroordeel as

slegte werkers. As die boer besluit het hulle is slegte werkers, dan gaan hy hulle wegjaag.

Maar as jy die boer se kind is, is jy ook bang dat hy jou gaan wegjaag? Nee, die boer sal jou nooit wegjaag as jy sy kind is nie. Want pa's jaag nooit hulle kinders weg omdat hulle nie reg of hard genoeg werk nie.

Pa's wil nie hê hulle kinders moet soos arbeiders vir hulle werk nie. Pa's wil heeltemal iets anders van kinders hê, as van arbeiders. Pa's wil hê dat hulle kinders hulle sal eer.

**4. Kinders glo hulle pa verheerlik hulle as kinders**

As 'n boer vir sy seun vra om iets op die plaas te doen, dan maak die boer sy seun nie 'n arbeider nie. Hy verheerlik sy seun as sy kind. Hy laat sy seun deel van sy besigheid wees. Hy laat sy seun saam met hom die plaas bestuur. Hy laat sy seun saamwerk om van die plaas 'n sukses te maak. Want die seun deel in die plaas. Dit is ook sy plaas.

Arbeiders is net werkers. Hulle deel nooit in die besigheid nie. Hulle bestuur nie saam met die boer sy plaas nie. Hulle werk ook nie vir die sukses van die plaas nie. Hulle werk net vir geld.

As 'n boer sy seun sê om iets te doen op die plaas, dan wil hy hê dat sy seun hom sal eer. Hierdie seun moet iets anders in sy pa se opdrag hoor as die arbeiders. Hierdie seun moet hoor dat sy pa hom in die besigheid laat deel en wil hê dat hy saam met sy pa sal wil werk en beplan om die plaas 'n sukses te maak. Hierdie seun moet glo dat sy pa hom as seun verheerlik as hy vir hom sê wat om te doen.

Dit is wat 'n pa ook van sy seun verwag as hy vir hom wys wat hy verkeerd doen. Hy wil hê dat hierdie seun hom sal eer as hy hom wys wat hy verkeerd doen en hoe om dit reg te maak en reg te doen. 'n Boer wil hê dat sy seun sal glo sy pa verheerlik hom as sy kind as hy vir hom wys wat reg en verkeerd is. Want dit is hoe die seun sy pa eer: hy glo dat dit is hoe hy saam met sy pa besigheid doen en saam met sy pa 'n sukses van die besigheid maak.

Om jou pa te eer is om te glo dat hy jou as sy kind verheerlik as hy vir jou wys wat om te doen en vir jou wys wat jy verkeerd doen en wys hoe om dit reg te doen.

**5. Arbeiders verneder hulle werkgewers**

Dink julle boere se werkers luister só na die opdragte van 'n boer: die boer is besig om ons as arbeiders te verheerlik? Dink julle boere se werkers luister só as die boer

vir hulle wys wat hulle doen is verkeerd en hoe hulle dit reg moet doen: die boer verheerlik ons?

Nee, hulle hoor iets heeltemal anders as boere vir hulle sê wat hulle moet doen en hoe hulle dit reg moet doen. Hulle hoor die boer maak die lewe vir hulle moeilik. Hulle dink die boer wil net vir hulle wys hy is baas. En as die boer vir hulle wys hulle is verkeerd, dan voel hulle die boer veroordeel hulle en kla hulle aan.

Hoekom? Want hulle glo altyd die boer wil hulle net verneder. Hulle glo nooit die boer verheerlik hulle nie.

**6. Ons eer God ons Vader**

Die Here verheerlik ons altyd as Sy kinders. Hy kla ons nooit aan vir ons sondes nie. Hy veroordeel ons nooit vir iets wat ons verkeerd doen nie. Daarom antwoord ons die Here altyd net op een manier as Hy met ons praat: *“[15]Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader.”* Ons glo altyd Hy verheerlik ons as Sy kinders. Ons glo altyd Hy is ons Vader. Ons antwoord Hom altyd met die eer in ons harte: Hy is besig om ons as Sy kinders te verheerlik.

**6.1 Die Here sê vir ons wat ons moet doen**

Die Here sê vir ons altyd wat ons moet doen. Hy doen dit deur Sy wet, die Tien Gebooie. Hy sê ons moet ons ouers eer, ons moet werk met ons talente en gawes, ons moet ons liggaam oppas en reg gebruik, ons moet altyd waar en opreg leef, ons moet respek betoon aan mense en hulle lewe respekteer.

Hoekom praat die Here só met ons? Want Hy verheerlik ons as Sy kinders. Hy laat ons deel van Sy skepping wees en saam met Hom in Sy skepping leef. Hy maak ons só mense wat saam met God in die skepping werk en dit bestuur.

Hoe eer ons God as Hy só met ons praat? Ons eer God as ons altyd glo en hoor: Hy wys ons wat om te doen, omdat Hy ons as Sy kinders verheerlik. Hy laat ons saam met Hom in Sy skepping leef en werk. Ons deel hierdie skepping saam met God omdat ons Sy kinders is. Dit is wat dit beteken om God “Abba, Vader” te noem. Ons glo en hoor Hy verheerlik ons as Sy kinders as Hy met ons praat.

Ongelowiges onteer God. “Onteer” beteken dat hulle nie saam met God wil leef en werk in Sy skepping nie. Hulle wil, net soos arbeiders, net werk vir geld, geluk en hulle eie lewe leef, maar hulle wil nooit saam met God leef en werk nie. Daarom hoor hulle nooit God as Váder praat nie. As God vir hulle wys wat om volgens Sy wet te

doen, dan glo hulle God probeer net wys Hy is baas. God probeer dit net vir hulle moeilik maak omdat Hy hulle wil aankla en veroordeel volgens Sy wet.

### 6.2 Die Here wys ons wat is reg en verkeerd

Hierdie is die Here se skepping. Daarom is Hy God. Hy het alles gemaak soos dit werk. Daarom wys die Here vir ons hoe werk die lewe wat Hy vir ons gee, en hoe ons binne Sy skepping moet werk. Hy wys vir ons wat is verkeerd en wat is reg.

Hoekom? Want Hy verheerlik ons as Sy kinders. Kla die Here ons aan en veroordeel Hy ons as Hy vir ons wys ons het iets volgens Sy wil verkeerd gedoen? Nooit. Die Here noem ons net kinders. Nooit iets anders nie. Daarom verheerlik die Here ons ons as Sy kinders as Hy vir ons wys wat ons verkeerd doen. Hy wys vir ons hoe ons saam met Hom moet leef en werk. Daarom eer Sy kinders Hom as Hy vir hulle wys wat hulle verkeerd doen: Hulle glo en hoor God met hulle praat as “Abba, Vader”. Hulle glo en hoor God nooit praat as die baas wat hulle aankla en veroordeel nie.

Net so! As die Here vir ons wys hoe ons reg moet leef, dan verheerlik Hy ons as Sy kinders. Hy wys ons hoe ons saam met Hom, ons Vader, moet leef en werk in Sy skepping. Hy wys hoe ons saam met Hom Sy skepping moet deel en bestuur.

Dit is wat dit beteken om God “Vader” te noem: ons glo Hy verheerlik ons as Sy kinders en wys ons hoe ons saam met Hom Sy skepping moet deel en bestuur.

Ongelowiges onteer God. Hulle hoor iets heeltemal anders as God vir hulle wys wat hulle verkeerd doen. Hulle hoor net God kla hulle aan en beskuldig hulle. Hulle hoor net dat God hulle gaan wegjaag en nie gaan geld gee en gelukkig maak nie. Hulle hoor nie hulle Vader met hulle praat as God vir hulle wys wat hulle verkeerd doen nie. Hulle hoor net met vrees dat God hulle aankla.

Ongelowiges onteer God. Hulle hoor nie God as Vader met hulle praat as God vir hulle wys wat is reg nie. Hulle hoor net God wil hulle onderdruk en laat swaarkry omdat Hy lekkerkry as hulle swaarkry. Hulle hoor net ’n baas vir wie hulle bang is en wat hulle gaan veroordeel as God vir hulle wys hoe om te doen wat reg is.

Hulle onteer God, want hulle sien God as die onderdrukker van hulle menseregte om te kan doen en leef net soos wat hulle wil.

## 7. ”Abba”, Vader, ons eer God

Die Here verheerlik ons altyd as Sy kinders. Hy verneder ons nooit deur van ons arbeiders te maak wat net vir geld, geluk, gesondheid of mag werk nie. Ons hoor God noem ons altyd net “kinders”. Ons glo dat God ons nooit iets anders noem nie. Ons hoor net Sy liefde as Vader as Hy met ons praat. Daarom hoor ons hoe Hy ons

verheerlik as Hy vir ons wys wat en hoe ons moet doen, en wat en hoe ons níé moet doen nie. Ons hoor hoe God ons as Sy kinders verheerlik as Hy só met ons praat. Omdat ons glo dat Hy ons verheerlik, antwoord ons God altyd as “Ons Vader”: ons glo altyd Hy verheerlik ons as kinders. Ons leef en werk saam met God in Sy skepping, ons deel en bestuur God se skepping saam met Hom. Ons is Sy kinders.

Ons eer God. Ons glo Hy verheerlik ons as kinders as Hy met ons praat. Ons onteer God nie deur te glo Hy verneder ons as Hy vir ons wys wat is reg en verkeerd nie.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het

________________________________Handtekening: ouer of voog